

die staatsdiens was Hollands-Afrikaans. Natuurlikerwyse wou die burgers dus Eng. leer, en is Eng. op skool aangevoelig. Reeds die Onderwyswet van 1866 maak (op versoek van Potchefstroomse *Afrikaners*) voorsiening vir Eng. onderwys, en bepaal dat tweetalige onderwysers die voorkeur by nuwe aanstellings moet kry. In sommige skole het meer kinders deur medium Eng. as deur medium Afr. onderwys ontvang. In 1873 verskyn die verslag van die Pretoriase Komitee in Engels! Daar word selfs Eng. skole gestig, en almal floreer, bv. die Academy, Loreto-Huis-skool, Prospect Seminary (omstreeks 1876); en dit is nie in die Eng. mynsentrum nie, maar in Pretoria. Die Hooghollandse Gimnasium wat ongeveer terselfdertyd opgerig word as toppunt van die Transvaalse onderwysstelsel, kan dit teen hulle nie volhou nie, volgens Lugtenburg (110) o.a. omdat die personeel Hollanders en die voertaal Hooghollands was. Van die ag Staatskole het vier voertaal Eng., drie voertaal Holl., en een sowel Eng. as Holl. gehad. In 1877 stel die Eng. veroweraar 'n Eng. direkteur van onderwys aan, wat die ouers toelaat om die voertaal te kies. 'n Paar inspekteursverslae van 1882 gee 'n denkbeeld van die onderwys: "Tijdtafel (*sic!*) en swarte bord (*sic!*) ontbreken. Op die lijst, 75; present, 48 leerlingen." "Lichtenburg 29 Junij 1882: School geopend: met gezang en gebed in 't Engelsch Bijbellezen: in 't Holl. en Eng. bij (*sic!*) beurten." Toe ds. S. J. du Toit egter S.G.O. aangestel is (1882), is net Holl. in Staatskole as voertaal toegelaat en as vak vereis—Eng. was fakultatief. Maar die Eng. stroming was te sterk, die reaksie teen die ingevoerde Hollanders aan die groei, en die wet is nie voor 1892 deur Mansvelt toegepas nie. 'n Eng. besoeker aan Pretoria vertel ons selfs van 1882: "I heard a sermon by the minister of the Church at Pretoria in English." (J. Nixon: *Among the Boers* 207). Altyd is die beginsel gehandhaaf dat Eng. kinders deur medium Eng., maar nie altyd Afr. kinders deur medium Holl. nie, onderwys moet word, en selfs in die mees anti-Eng. tydperk was meer Eng. handboeke in gebruik as al die ander soorte saam. Net voor die oorlog kon een-derde van die vyftig onderwysers in die twaalf Staatskole Holl. gladnie verstaan nie, en was

een-helfte van hulle uit Engeland afkomstig. Gedurende die **oorlog** was die onderwys in altwee Republieke onder dieselfde beheer, en het die onderwysinstellings bestaan uit kampskole, dorpskole, en krygsgevangeneskole. In al drie gevalle was feitlik alles Eng.; slegs die godsdienstonderwys het in Holl. plaasgevind. Op 31 Mei 1902 het die Kampskole meer as 29,000 leerlinge gehad, die Dorpskole 13,500.¹

SUID-AFRIKA NA 1902.

Deur die lengte en breedte van S.-Afrika het die Afr.-sprekendes besef dat die lyding van die Boere hulle almal tot een sterkvoelende volk saamgesmelt het. Ramsay Macdonald haal genl. de la Rey aan (11): "The Africans are now welded into one"; dat 'n predikant hom verseker het dat die oorlog groot aantalle kerk-losse Afrikaners na die N. G. Kerk teruggedrywe het (41); dr. Andrew Murray het dit eweneens besef (439 vlgg.):

"In 't vuur van die grote beproeving werd Hollands-sprekend Z.-Afrika zoals nooit tevoren aaneengesmeed. De onafhankelikheid was verloren, doch het nationaal gevoel zocht zich uit te drukken in het voornemen, voor de Hollandse taal volstreckte gelijkheid met de Engelse te verkrijgen."

Voor 1900 het daar in die Suide volksverengelsing begin posvat; na 1900, taalverengelsing orals—die kragtige volksbewussyn het die openlik Engelse bewus vermy, en geen agterdog teen die bedek Engelse gekoester nie. Die ontwaakte volkstrots en volkseenhed is in die eerste vyf jaar na Vereeniging nog verder aangevuur. In 1902 is daar in die eertydse Republieke 200 onderwysers(esse) uit Engeland, en 100 uit Kanada, Australië en New Zealand ingevoer; nou is die kans daar!

"The problem in South Africa, in Lord Milner's eyes, is to make Dutchmen into Englishmen . . . The future education system is—to teach the English spirit and the English outlook . . . English alone is to be the language of textbooks and the medium of instruction" (Macdonald 96), dit, selfs op "places where at least three-fourths of the people have not even what I may call a 'working knowledge' of English."

¹ V. ook G. J. Smit: Onderwystoestande in die Konsentrasiekampe (DH 10—17.8.34).

Tog verklaar die Engelse in die Vredestraktaat (art. 5):

“The Dutch language will be taught in public schools in the Transvaal and Orange River Colony where the parents of the children desire it, and it will be allowed in Courts of Law when necessary for the better and more effectual administration of justice.”

Milner kon nie beseef dat die getalverhoudings van die twee taalgroepe dit vir hom net so onmoontlik gemaak het om in sy doel te slaag as wat dit 'n eeu tevore vir sy voorloper Somerset was en dat die geestelike atmosfeer veel ongunstiger was as toe nie. 'n Ordonnansie word dus uitgevaardig wat bepaal dat, waar daarom versoek word, Holl. drie uur per week onderwys kon word. In dieselfde jaar (1903) skrywe Sargant, Director of Education in die Transvaal, aan Milner dat, as 'n voldoende aantal onderwysers uit Engeland geïmporteer word, al die kinders in die konsentrasiekampe Eng.-sprekend gemaak kan word. Binne vier jaar word 3,000 young women deur die S.A. Colonization Society na S.-Afrika gestuur. Die meeste onderwysers was Eng., sodat selfs die skrale taalbepalings nutteloos was. Op die lys beamptes en inspekteurs kom geen enkele Holl. naam voor nie. Hierdie en ander tergende toestande het die Afrikaner tot verset aangespoor; die C.N.O.-skole ontstaan, en alle Afr.-voelendes beywer hulle almeer teen die Eng. taalpolitiek, sowel in die Kolonie as in die Republieke. Eindelik moet 'n toegewing gedoen word, en in 1905 word bepaal dat, hoewel Eng. die voertaal bly, Holl. onderwys sal word waar die ouers dit versoek en eweveel tyd dan aan Eng. en Holl. as vakke bestee. Maar soos die geval in die Kolonie gewees het, was dit alleen toe die volk sy verlange deur die regering kon uitdruk (Verantwoordelike Bestuur, 1908) dat 'n bevredigende toestand geskep is. Die volkstromings in die drie provinsies, wat al sedert die aanvang van die Afr. Beweging (1875) en die Eerste Vryheidsoorlog in eenderse rigtings gevloei het, word verenig by die tot stand kom van die Unie, waarby (Art. 137) die Eng. en die Holl. tale volkome gelyke regte verkry. Daardie samesmelting, die taalmoeilikhede daarna en gevolglike uiteenspatting, word op die oomblik in ons volkslewe herhaal. Hierdie toestande is egter nog te naby ons om reg beoordeel te kan word. Dit is nogtans duidelik

dat die toestande van die verlede vandag nog voortlewe, en nie somar sieto-sieto sal verdwyn nie. Daardie toestande het geheers nie net in die Kaapland nie, maar in groot mate ook in die Vrystaat en die Transvaal; om dié rede kan ons feitlik dieselfde mate van Eng. invloed in die Afr. van al drie bespeur.

2. GEESTELIKE OORSAKE.

Die stoflike kultuurtoestande hang so nou met die geestelike behoeftes saam, dat dit moeilik gaan om die twee te skei. Tog is 'n skeiding noodsaaklik: 'n taaleenheid ontstaan of verander nie bloot omdat daar 'n bepaalde element in die stoflike omgewing bestaan nie, maar omdat dié element 'n deel van die individuele taalgebruiker se geestesomgewing word en 'n behoefte in sy bewussyn laat ontstaan. Dan eers word dié element vir die taal belangrik. Waarom kon die stoflike toestande dié bepaalde geestesbehoeftes skep?

Voor 1806 is dgl. behoeftes by die Koloniste deur hul aanraking met die nuwe toestande van S.-Afrika reeds geskep, en het hulle dus òf deur ontlening òf deur middel van eie taalmiddele die benodigde taaleenhede verkry. Maar soos Eng. tot vandag in Amerika, neem Afr. voor 1806 betreklik min vreemde elemente oor: omdat die Afrikaners onder aangener kultuurtoestande as die andertaliges gelewe het (d.w.s. altyd 'n hoër materiële, politieke en maatskaplike posisie beklee het), het daar geen algemene nuwe behoeftes by hulle nie maar wel by die mindergelukkiges ontstaan. Laasgenoemdes lê dus 'n sterk begeerte aan die dag om soveel van die bevoorregte kultuur en dus ook taal so gou moontlik oor te neem (vgl. V.S.A.).

(a) **Afrikaans Minder Werd.** Na 1806 verander die posisie van die Afrikaner in S.-Afrika: die nie-Afr. taal en kultuur word op elke moontlike wyse begunstig. Die Staat laat net Eng. toe in alle sake wat onder sy beheer val (bls. 43). Die gevolg was dat die eentalige Afrikaner geen betrekking kon kry nie—sy Afrikaans was nutteloos—en dat die Afr. bevolking, uit voeling met die al-eentaliger Eng. beamptes

en regering, sku en ontuis in die vreemde kantore, 'n minderwaardigheidsgevoel ontwikkel het waar hulle met die beamptes in aanraking moes kom. In die staat, in die godsdien, in die onderwys, in die hoogste kringe, in die handel, in die industrie—orals waar die aansienlikes, welopgevoedes of deftiges tuis was, was Eng. òf vereis òf 'n onafskeibare kenmerk van die samelewing :

“Die Hollans moet uit,
Dit is ons besluit.
Die Engels is goed
Om regters te groet”—

so het selfs een van die patriottiese rymelaars in die *Patriot* sy sienswyse in alle erns uitgedruk en die huidige volksmening reeds vertolk. Met Eng. kon mens orals kom en alles word ; met Afr. . . . ? Geen wonder dat selfs vandag nog 'n kennis van die Eng. taal en vorme as die *sine qua non* van die beskaafdheid in S.-Afrika geld.

(b) **Afrikaans Minderwaardig.** Die Eng. kultuur, en die Eng. taal wat dié kultuur vertolk het, was die Afrikaner se al-enige voorbeelde van hoër geestesbeskawing ; dit was die onbeskaafstes, die armstes, die onaansienlikstes in S.-Afrika wat net Afr. geken het (of nog ken) : die Kleurlinge, en die Armblankes. Geen wonder dat Eng. met die hoëre en die begeerlike geassosieer is, Afr. met die laere en die onwenslike ; geen wonder dat die Afrikaner vandag nog oor die swak Eng. van 'n Afrikaner lag en die swak Afr. pogings van 'n Engelsman as 'n eer en 'n guns beskou. In die maatskaplike lewe het selfs die Afrikaners van “Patterjots,” “hotnotstaal,” “kombuistaal” gepraat ; in die geleerde lewe is Afr. as afkomstig van 'n slawe-patois beskou, en is dit deur die beroemdste Afrikaner van sy tyd bestempel as tot ondergang gedoem ; in die onderwyslewe was die *summum bonum* 'n kennis van Eng. (selfs nadat Holl. as vak toegelaat was, is dit selde geïnspekteer), moes die Afr.-spreker die eselsbord op sy rug of die dunce-cap op sy kop dra, het die geskiedenisboekies van S.-Afrika die Afr. kind laat bloeddrooi word oor sy voorouers se skandelige dade, en die geskiedenis- en lees- en jokriffie-boekies van die res van die wêreld hom met bewondering vervul vir die roemryke verlede en die

glansryke hede van Engeland, God's own country; in die sakewêreld met sy Eng. toestande was Eng. die alleenheerser, en het die handelaar hom min daarvoor bekommer watter soort taal of taalgebrou hy besig mits hy sy ware kon afsmeer: beesnis ies beesnis. Die Afrikaners wat weens armoede van die plase dorp-toe trek, ken geen Eng. nie, versterk die opvatting dat alleen die bekvelders en goor-Dawids Afr. praat, en word deur die enige lewensvereiste—voedsel—gedwing om te doen en te praat soos hul Eng. base wil.

Maar, met die Eng. stofflike maatstaf gemeet, was die Afr. kultuurtoestande en gevolglik die Afr. taal werklik minderwaardig. Trouens, of dit nou goeie of slegte behoeftes was, die Afrikaners *het* nuwe behoeftes onder die Eng. invloed ontwikkel, en gevind dat Afr. dié behoeftes nie kon bevredig nie: Die taal van 'n boerebevolking moes hom na 1860 binne 'n paar jaar by die allermooie en allertegniesste sake aanpas, en hy kon nie. Die feit dat Eng. 'n wêreldtaal was wat deur miljoenetalle uit alle moontlike stande en beroepe onder alle denkbare toestande aan alle moontlike behoeftes moes voldoen, het meegebring dat sy materiale ryker en buigsamer is as dié van watter ander taal ook al. Selfs waar die Afr. tog die geestesbehoefte kon uitdruk, het baie Afrikaners verkies om die Eng. woord of die Eng. sin te gebruik teneinde daardeur te kenne te gee dat hulle fynbesnaarde gees sulke subtiele betekenisskakerings kan anvoel dat die growwe boeretaal dit darem ten enemale nie kan uitdruk nie: "Ek sal tog so worry as hy weggaan; hy is so 'n handsome boy en daar is so baie temptations in die city."

(c) **Afrikaans Minder Gelees.** Heel natuurlik dus dat Afrikaners wat in dié geestesomgewing grootgeword het, hulle by voorkeur tot die Eng. lektuur wend. In baie gevalle bestaan daar egter wel deeglik rede voor dat meer Eng. as Afr. of Nedl. gelees word. Dieselfde faktore wat die Eng. taal die rykste en veelkleurigste gemaak het, het die Eng. literatuur die rykste en veelkleurigste gemaak; dieselfde faktore wat die Afr. taal so gestrem en beperk het, het die Afr. literatuur in nog groter mate gestrem en verarm. Teenoor die Eng. tydskrifte en boeke, wat die goedkoopste

in die wêreld is, wat oor alles en nog wat handel, wat high-brow en no-brow is, het gestaan niks, en staan feitlik niks. In die verlede is op skool 'n smaak aangekweek vir Eng. novels en periodicals en niks anders nie; vandag nog vind die meeste Afr. kinders en jongmense—die meerderheid verlaat die skool na Std. VI—selfs as hulle tot Std. X aangesukkel het, die Afr. boeke met hul puristiese en vernederlandste en verfynde taal saai en onaantreklik, en verkies die “Home Chat” *cum suis* wat vir hul Std. VI-gees verstaanbaar is: konkrete, interessante verhale met aangename ontknopings, verhale van helde en heldinne in wie se gedaante hulle aan die onaangename werklikhede van die lewe kan ontsnap. Die tipiese Afrikaner wat steen en been kla as hy 'n paar pond aan boeke moet bestee—trouens, wie lees die goed as hy eenkeer met hulle klaar is?—gee eweneens die voorkeur aan goedkoop Eng. literatuur wat vir hom aantreklik is.

“Om vir die Afr. professors te hoor sê: ‘Ons moenie die letterkundige smaak van ons volk bederf nie,’ is net so goed as om aan ons meisies en vrouens te sê: ‘Julle moenie die bespotlike modes navolg nie.’ Hulle doen dit tog” (von Wielligh.)

Dit is wat Langenhoven ingesien het, en daarom het hy op hierdie manier probeer sy volk te leer lees. Omdat daar geen aanvraag vir boeke was nie, was 'n boekwinkel jarelank op die meeste Afr. stede en dorpe 'n onbekende saak.—Was daar geen Afr. boeke nie, die Nedl. kon ewegoed nie bestaan het nie; Hooghollands was en bly moeilik vir die Afrikaner, wat “enige tyd” Eng. verkies. Teenoor die ryk Eng. staan dus vir die spraakmakende gemeente die arm Afr. en die moeilike Nedl.

Met die geleerde Afrikaner is dit nie veel beter gesteld nie. Opgevoed in Eng. skole en S.A.-Eng. of Eng. universiteite deur middel van Eng. handboeke, is hy beter bekend met die Eng. as met die Nedl. terme (Afr. besit hulle byna nooit: vgl. APPERSEPSIE in Dl. II), en kan dus die Eng. vakliteratuur makliker lees en verstaan as die Nedl., Franse of Duitse. Afgesien nog van sy Eng. opleiding, is elke geleerde genoop om baie Eng. te lees, want die Eng. vakliteratuur is die rykste in die wêreld. Natuurlikerwyse word die Eng. taaleenheid die nouste aan die begrip verbind, selfs waar 'n

Afr. of Nedl. taaleenheid bestaan.¹ Geen wonder dat, volgens *Die Burger* van 24.1.31, nadat 'n sterk Afr.-gesinde regering sewe jaar lank aan die bewind van sake was, feitlik al die vooraanstaande Afr. beamptes net Eng. skrywe, en soms selfs Afr. korrespondente in Eng. beantwoord. En dit is die groen hout—wat gebeur nog met die Ampies en Annekies, wit, bruin en geel, op ons dorpe en in die agterbuurtes van ons Eng. stede? Dat die endjineers, dokters, spessjalliste en dentists wat in Engeland of Amerika jarelank gestaddie het, en wat hulle beroep belangriker ag as onnosel praatjies oor Afr., vanself Eng. taaleenhede gebruik, spreek vanself.

As die opgevoede Afrikaner dus Afr. probeer skrywe, verval hy vanself in Engelshede; dit is veral die geval met die Pers, want nie alleen ontvang hy alle Reuterberigte in Eng. nie, maar moet hom bedien van joernaliste wat uit die aard van die saak besonder goed met Eng. vertrouwd moet wees. Kortom: nie alleen bestaan daar min Afr. lektuur en word daar minder gelees nie, maar wat wel gelees word is gewoonlik onsuiver Afr.

(d) **Afrikaans Minder Gehoor.** Om dieselfde redes word daar in sommige gevalle meer Eng. as Afr. gehoor. Waar ondertrouery plaasvind seëvier Eng. gewoonlik (bls. 15). Omdat die Engelsman, met sy eiland-isolasie-kompleks en eiewaan, dit nie alleen onnodig nie maar onmoontlik beskou om Afr., daardie onverstaanbare gibberish, te leer, moet die Afrikaner gewoonlik Eng. gebruik as hy met sy Eng. buurman wil praat.

(e) **Afrikaans Onsuiver.** Vandaar dat die Afrikaner Eng. aangeleer het, en die Eng. invloed in sy spreek- en skryftaal laat insluip het: nie alleen vanweë die veelvuldige beoefening van die Eng. nie, maar ook vanweë die gedurige afbreking van die Afr. refleksie en die intenser bevrediging wat op die gebruik van die Eng. refleksie volg, is die Eng. refleksie al sterker geword. Terwyl die Afrikaner op straat met sy vriend loop en gesels, praat hy Afr.; maar sodra hy 'n winkel of kantoor instap, slaan hy in Eng. oor, of gebruik

¹ Afr. tegniese boeke (bv. oor die sielkunde) wemel van vernederlandste Engelshede; bv. byna elke verwysing van dr. W. J. van Zyl in „Die Wysgerige Wêreldbeeld” (DH 12.8.32) geld Eng. skrywers of boeke.

op die ou end maar Eng. as hy nie verdraag, of as 'n onkundige plaasjapie bedrieg wil word nie. Kom daar 'n enkele Eng.-eentalige persoon in 'n Afr. geselskap, word die Afrikaners beleefdheidshalwe gedwing om selfs met mekaar Eng. te praat, hoewel dit natuurlik die eentalige S.-A. Engelsman is wat onbeleefd is deur die meerderheid daartoe te noop om 'n vreemde taal te gebruik. Op kantoor of in die fabriek of myn, hoor die Afrikaner sy Eng. werkgewer en Eng. of Eng.-beïnvloede meerderes net Eng. terme of Engelse hede gebruik; al bestaan die wil tot suiwering by hom, kan hy, 'n enkeling, tog nie teen die stroom op roei nie.

In negehonderd negen-en-negentig op die duisend gevalle, is die drang tot self-behoud by die individu sterker as die drang tot verdediging van 'n vae begrip soos "volk" of "nasionaliteit."

Maar daar bestaan ook die gevaar wat *Engelse tweetaligheid* vir Afr. inhou. Totdusver het die onsuivere Afr. byna uitsluitlik van die miljoen Afr.-sprekendes gekom; almeer kom dit vandag van die miljoen Eng.-sprekendes ook. Nie alleen die vertaalde Eng. van die administrasie en regeringspublikasies nie, nie alleen die taal van advertensies en katalogusse nie, maar ook en veral die Afr. spreektaal van die "tweetalige" Eng. persoon gee aanleiding tot die vermeerdering van ons anglisismeskat. Dit gebeur almeer veral op skool, waar "tweetalige" Eng. onderwysers(esse)¹ dikwels Afr. as voertaal moet gebruik, en op dié manier die reeds bestaande neigings by die skoolkinders versterk. Sulke onderwysers beïnvloed ongemerk hulle leerlinge sowel as hul kollegas; en die leerlinge (wat heelwat prestige as boekgeleerdes besit) openbaar tuis die nawerking van hierdie invloed, en beïnvloed op hulle beurt weer ongemerk hul ouers (bepaalde gevalle kan elkeen hom te binne roep). Die enigste suiwer (!) Afr. wat die leerling op skool hoor, is dié van die Afr. onderwyser gedurende die Afr. les (een van die anglisistiesste Afr. tydskrifte is die orgaan van die S.A.O.U. !); en wat kan die een teen die honderde uitrig?—Die invloed van Eng. speelmaatjies en half-verafrikaanse Engelse moet hier ook in die oog gehou word: daar is almeer Eng. families

¹ Dis 'n bekende feit dat die Eng. toets vir die Afr. onderwyser (of beampte) veel strenger is as die Afr. toets vir die Eng. onderwyser (of beampte).

wat op die platteland of in die dorpe 'n soort Afr. aanleer ; weens hul gewoonlik hoër prestige, maak hul taalgebruik 'n dieper indruk op die Afr.-sprekende. In die verlede was die invloed van dgl. geadapteerde Afr. van die Engelse en Jode slegs van lokale belang : die enkeling het gaandeweg feitlik suiwer Afr. van die omringende gemeenskap aangeleer ; vandag merk selfs die Afrikaner skaars nog die on-Afr. kenmerke omdat hy self in sy eie taalgebruik almeer daaraan gewoond raak. Die invloed van die skool is hier van buitengewoon groot belang : gedurende die ontvanklikste tydperk van sy lewe, kom die Afr. kind tenminste ses jaar lank byna daagliks in aanraking met Eng. maatjies, wat Eng. of half-Afr. praat, met Eng.-beïnvloede onderwysers en onsuiwer Afr. in skrif en druk, en lê hy hom veral daarop toe om tenminste 'n gangbare kennis van Eng. te hê as hy die skool moet verlaat—Afrikaans kom vanself.

In die laaste plek kom Engelshede in Afr. deur die Opregte *Afrikaner se bewustheid van sy eie krag* : met 'n oortuiging wat op 'n oppervlakkige kennis van Nedl. rus, verdedig hy taaleenhede soos *prominent, appliseer, buiten die kwessie* as suiwer Nedl., en tart hy onvriende uit om Afr. aan te val. Met sy oë gerig op nasionalistiese purisme, ontsnap dit sy aandag dat hy besig is om 'n Eng. taaleenheid in Afr. om te sit : i.p.v. *vir 'n walk te gaan, neem hy nou 'n wandeling*, en voel net trots op die pragtige lang suiwer-Afr. woord, so suiwer dat dit glad koud en styf voel. Het hy net daaraan gedink om na die rasegte ou boerplaas te ry, sou hy nie nodig gehad het om sy *kar* (met vier wiele !) soontoe te *drywe* nie.

Die faktore wat ons hier bespreek het, kan ons soos volg opsom (vgl. bls. 9) :

Onkunde. Alle Engelshede (selfs ook die doelbewustes, bls. 10) is die uitvloeisel van die gebrek by die taalgebruiker aan ander middels om sy gedagtes uit te druk. Soms is dit 'n onkunde van Afr. taalmiddels, soms van Nedl. (as die Nedl. 'n taaleenheid besit wat in Afr. ontbreek). In die meeste gevalle is die gebruik van Engelshede aan niks anders te wyte nie ; 99% van die Afrikaners wat bv. "consignment note" gebruik, gebruik dit nie om windmakerig te wees nie, maar omdat hulle geen ander woord ken en miskien nie weet

dat dit nie Afr. is nie. Hoor hulle die Afr., dan dink hulle dis maar net 'n ander naam vir dieselfde ding; baie gebruik dan ook sowel die Afr. as die Engelsheid, soms kort na mekaar (vgl. bls. 9). Soms voel hulle daar haper iets aan hul taalgebruik (bv. woordorde), maar wat, kan hulle nie sê nie. Hierdie faktor kan alleen deur deegliker Afr. onderwys en deeglike tweetaligheid op alle gebiede van die staat en die sakewêreld verwyder word; die Afrikaner moet tenminste die geleentheid hê om by sy eerste kennismaking met 'n nuwe saak, ook die suiwer-Afr. taaleenheid teen te kom.

Maar hoewel die kennis van die korrekte die allereerste vereiste is, moet daar by die taalgebruiker ook die wil bestaan om die korrekte te gebruik. 'n Persoon se

Onwil kan aan verskillende omstandighede te wyte wees. Hy weet miskien dat hy 'n Engelsheid gebruik, maar is te lui om die suiwer Afr. uit te vind. Hy gee die gedagte weer in die vorm waarin hy dit in 'n Eng. gesprek of boek, of in verengelste Afr. teengekom het. Dit gebeur veral in die praktiese lewe, waar op die delwerye, in fabriek en winkels, op kantoor, ens., hy heel eers met die Eng. kennismaak, en deur die drang om sy aandag by die werklikhede waardeur hy sy kos verdien, te bepaal, die taalmiddels nie eens opmerk nie of van geen belang ag nie. Luiheid kan ons dit dus in baie gevalle nie eintlik noem nie. 'n Ander motief wat soms lelike name kry, is *pronksug*: die Afrikaner wil sy kundighede ten toon spreï, wil wys dat hy 'n opgevoede persoon is deur Eng. te praat. Partykeer wil hy selfs die feit dat hy Afr. is, verberg; gelukkig tref mens dit selde meer aan dat bv. die een suster aan die ander sê: "Waarom is jy so verspot om Hollands te praat? Al die mense praat Eng." ('n bepaalde geval omstreeks 1900). Tog gebeur dit nog, volgens die Kaapse Onderwysgaset (21.7.32) veral in die stede en in die Oostelike Provinsie dat "Afrikaanssprekende ouers hulle kinders as Engelssprekende opvoed en daar twyfel bestaan omtrent die klassifisering van die kinders tydens die oorgangperiode." Hierdie skaamte vir Afr. en sug om te pronk, kom veral by die refined High Society enersyds en die onopgevoede Poor White andersyds voor. Eersgenoemdes word so deur hul voortdurend-Eng. omgewing

en vriende en bewonderde kennisse geïmponeer, dat hulle nie wil weet hulle is Afr. nie. Laasgenoemdes voel weer (bewus of onbewus) dat hulle agteraf is en probeer dié besef met die opgeplakte Eng. vernis verberg. Dis veral die vrouvolk wat so stylish wil wees; Langenhoven hekel hulle op onverbeterlike wyse.—Soms het die gedurige assosiering van die Eng. met die hoërstaande 'n ander uitwerking: die Eng. taaleenheid word bewus as beleefder en beskaafder gevoel. “‘Hoe laat is dit?’ klink darem tog alte plat,” sê seker verfynde dametjie; “‘Wat is die tyd?’ is baie mooier.” Om dieselfde rede word *mevrouw* soms as aanstootlike ploerterigheid beskou, hoewel dit eintlik *mis-sies* is wat aanstootlik behoort te wees. Mettertyd word die Eng. taaleenhede vaste taalgewoontes, al het die persoon nie meer so 'n hoë dunk van hulle nie.

Veel belangriker is egter die *afkeer van eksentrisiteit* wat van alle volksklasse 'n onafskeibare kenmerk is: die onsuiver taalgebruik is so algemeen, dat ons nie die suiwer eenheid wil gebruik nie—ons hoorders sal net so vreemd opkyk oor: “Ek moet darem nou gou maak om die bus te haal,” as die Engelsman oor “fetch the bus”. Die “suiwer” eenheid klink verkeerd, want dit is nie soos normale mense praat nie. Veral gedurende die puberteitstydperk voel die seun en veral die dogter 'n afkeer van alle andersheid; m.a.w. in die Eng. skoolomgewing vorm die Afrikaner 'n afkeer van die purisme gedurende die tydperk wanneer sy sterkste sentimente geskep word. Weens sy ongewoondheid, klink die Afr. eenheid te styf, deftig en aanmatigend. Vandaar dat, hoe konvensioneler en formeler die gesprek en gedagtekring, hoe suiwerder word die taal gewoonlik; en andersom: hoe lekkerder en vroliker mens gesels, hoe makliker vloei die natuurlike taaleenhede uit, want die “sensor” slaap. “Mens kan tog nie gedurig na woorde soek as jy lekker gesels nie. Die goed kom somar vanself,” is veral die houding van vroumense, wat die emosie van groter waarde ag as die wete. Wat Krapp I 322 van “slang” sê, geld hier ook: “A keen sense of immediacy, of intimate social understanding, of soul-satisfying completeness.” Onuitstaanbare pedante is dié persone wat op eentonig-langdradige, of onbeskofte, skoolmeesteragtige

manier, vir mens op jou foute wys. As 'n spreker elke slag as geen geskikte Afr. voortrol nie, eers moet stilsit en dink, sal die gesprek bra oninteressant, onsamehangend en vervelig word; of die spreker so verleë en ongemaklik dat hy gladnie praat nie; of so vererg dat hy 'n ewige hekel aan die danige suiwer Afr. kry (vgl. die bombastiese ou hoofonderwyser in *Patrys-hulle*).

Die eerste vereiste van die taal is dat hy ons gedagte moet uitdruk, akkuraat, ekonomies, en doeltreffend—die persoon vir wie ons wil beïnvloed, moet dit verstaan.

Om dié rede gebruik die Afrikaner soms die on-Afr.—*hy wil verstaanbaar wees*. As hy vreemdelinge ontmoet, verkies hy gewoonlik om Eng. te praat, want almal kan Eng. verstaan (buitendien is selfs die “tweetalige” Engelsman se Afr. dikwels stuitend); as hy Eng. praat, spreek hy dikwels eiename op Eng. uit, want daar is min Engelse wat *Joetinheigh* in *Uitenhage*, of *Smats* in *Smuts* sal herken. Dikwels probeer mens suiwer Afr. praat, met die gevolg dat selfs Afr.-sprekendes mens nie kan verstaan voordat mens dit in die gewone gebrou herhaal het nie. Dit geld veral wanneer mens met kleurlinge of onontwikkelde te maak het.

Nou verwant aan die vrees vir eksentrisiteit, is die *vrees vir onbeleefdheid*. Dit gebeur dikwels dat mens 'n fout in die taal van iemand anders merk, hom moet antwoord, en dan liever dieselfde fout gebruik as om hom te affronteer deur 'n indirekte teregwysing—die gebruik van die “suiwer” Afr. Op dié manier kan die onsuiwer eenheid ingang vind waar hy anders nie sou ontstaan het nie. Belangriker is egter die vrees om iemand deur “plat” woorde te affronteer. Om van “sieklieke preutsheid” te praat, verhelp nie die saak nie: alle mense in alle tydperke het gevoel dat hulle onaangename sake of moet vermy of so vaag moontlik moet aandui teneinde die onaangenaamheid nie te realisties voor die gees te roep nie (so 'n taaleenheid word 'n “eufemisme” genoem). Vandaar die gebruik in Afr. van groot aantalle woorde soos die *servants* (of *serwante*), die *girl*, die *boy*, die *nurse-girl*, *missies*, *master*, of half-Nedl. woorde soos *Naturel*, *Kleurling*, *Gekleurde*. Veral die name van vrousklere (die vrouens is fyntjieser as die mans) neem die minderbekende en dus vae

Eng. vorms aan. Siektes, die liggaamsfunksies, vloeke—almaal raak verengels en verfyn: *diarrhoea*, *koos* (*Jimmy*), *lavatory* (*klossent* begin alweer onsmaklik word), ens. Omdat die gebruik van dgl. Engelshede van hul onbekendheid afhang, word hulle gedurig deur nuwes vervang as hulle te welbekend raak.

Onmag. Hierdie gevoelsverskille gaan baie maklik oor in betekenisverskille, met die gevolg dat die Afr. taaleenheid onmoontlik i.p.v. sy Eng. gelyke gebruik kan word; vgl. bv. *kantien* met *bottelstoor* en *bar*. In sulke gevalle word die Afrikaner gedwing om die Eng. woord te gebruik as hy sy gedagte op die doeltreffendste manier wil meedeel. Eers behoort hy egter uit te vind of Nedl. nie miskien die gebrek in Afr. kan aanvul nie. Maar ons vind dikwels dat 'n deur Eng. toestande geskepte begrip en behoefte deur geen ander taal uitgedruk kan word nie; dit val dan ook op dat die Eng. leenwoorde in Nedl., Duits, Frans en Afr. byna almaal binne sekere kategorieë val, byna almaal met gebiede van die lewe in verband staan waarin die Engelse besonder baie belangstel. So het Frans bv. die volgende leenwoorde uit Eng. oorgeneem:

drain, dry-farming, dry-rot, early rose, orpington, bloodhound; electrode, electron, watt, (an/cat)ion, electrolyte, argon, iridium, neon, osmium, sodium, ens.; stereoscope; express, bogie, limited (spoorw. & handel), tourist, terminus; tank (oorlog), horsepower, cruiser, destroyer, dreadnought, lyddite, cordite, ebonite, celluloid; detective, suggestif, abolisionisme, darwinisme, imperialisme, pre-raphaelisme, self-control/government, hurrah, copyright, banknote, shocking (N. choqueeren), Post Office; bugle, foxtrot, scottish, one/two-step; business is b., time is money, the right man in the right place, wait and see; die menigvuldige sportterms; ens. (Bonaffé.)

Afgesien van dgl. konkrete begrippe, is baie waardevolle abstrakte begrippe deur Eng. in die verskillende tale ingevoer, veral natuurlik waar besondere geleenthede vir die nie-Eng. volk bestaan om die Eng. intiem te leer ken. Dit geld ook -ismes en "Basters". So begin Pienaar en Langenhoven hul *Hoe om te Skrywe* deur te sê dat hulle die term *stelkuns* wil gebruik "as naastenby 'n ekwivalent vir die Eng. composition."

Hier moet ook nog genoem word dié Engelshede wat deur sommige skrywers (soos van Bruggen in *Ampie*), aangewend word om persone en toestande te kenskets, ongewenste toestande te hekel (soos Langenhoven in *Doppers en Filistyne*, en bv. *Aan Stille Waters* 39: As ons nou eenmaal hierdie gebobde en geshingelde vorms moet gebruik); en as weergawe van die taal van Engelse. Soms word hierdie motiewe ook in die spreektaal aangetref, bv. die bekende: "Moenie jou languages so opmix nie." Dikwels ook probeer die skrywer of spreker sy lompe onkunde verberg deur 'n grap te maak; vandaar *binnevet* (benefit), *rekhompens*, *interboks*, *omgescratch*, Die môre die merrie, die aand die vul, Kom laat ons went (Heilbron). Die gevaar van al hierdie bewuste of halfbewuste Engelshede lê verskuil in die feit dat wat die een as 'n grap bedoel, die ander in erns kan oorneem (vgl. selfs De Vooy's II 112). So gebruik Langenhoven in *Hoe om te Skrywe* dikwels 'n angl. geensins uit onmag nie (al wil hy dit so voorstel), maar net uit onkunde, wat hy dan styfhoofdig probeer regverdig (bv. 'n menigte *van* skakerings kan *uitgebring* word 98). Op dié manier ontvang onsuiwer Afr. blykbaar die goedkeuring van die Afr. taalgeleerde, sodat die spraakmakende gemeente nog minder as tevore die onsuiwerhede probeer vermy.

Om kort te gaan: Die intieme kennis van Eng. nog meer as die onkunde van Afr. is die faktor wat angl. in Afr. skep. Die mense wat min Eng. ken (bv. ouer geslag, boere, plaas-kleurlinge), praat die suiwerste Afr. Nog nooit was die Afrikaner so algemeen en so deeglik met Eng. bekend soos nou nie, en in die toekoms sal sy kennis nog vermeerder; die verbeterde en uitgebreide onderwys, die vermeerderde gebruikseleenthede, die afbreking van die Afrikaner se isolering op die platteland—al hierdie faktore bring dit mee dat, terwyl die politikus en die taalkundige hand en tand teen die Eng. invloede veg, die nuwe geslag die opvallende Engelsheid vermy en almeer die subtiele Engelsheid pleeg. Dit is die nuwe geslag wie se Afr. angliseer.